

# Verantwoordelikheid van die Huis van Bloedrivier teenoor die volke wat ook deel van die kudde is

## 1. Die opdrag en begripsomlyning:

1.1 Ons opdrag is die verantwoordelikheid en die Bybelse, normatiewe optrede van die Godvresende volk teenoor ander Godvresende volke en state. In die praktyk word ons in die volkereg en internasionale verhoudinge, en veral in die internasionale handel, ook voortdurend gekonfronteer met interaksie met ongelowiges, ongelowige volke, sowel as vervaardigers en maatskappye in ongelowige hande. Daarom is dit sinvol om die Bybelse voorskrifte oor die verbondsvolk se optrede teenoor beide gelowige en ongelowige volke, state en maatskappye te kontrasteer.

## 2. Die perspektief:

2.1 Ons norm is die Bybel. Ons uitgangspunt is dat die wette en voorskrifte van die Bybel nie slegs op individue van toepassing is nie, maar ook juis op die verbondsvolk. Dit is ons oortuiging dat die heilsgeskiedenis van Israel juis opgeteken is as voorskrif en riglyn vir die verbondsvolk – ook die moderne verbondsvolk. So leer ons in Dt 28:9 Die HERE (JHWH) sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooi van die HERE (JHWH) jou God hou en in sy weë wandel.

2.2 As inleiding kyk ons na die ontstaan en doel van volke.

2.3 Dan kyk ons net kortliks na die teorieë oor internasionale verhoudinge, en meer in die besonder na die bydrae van Christen-gelowige filosowe.

2.4 Dan kyk ons ook na 'n paar voorbeelde uit die geskiedenis van internasionale verhoudinge.

2.5 Ten slotte som ons die Bybelse voorskrifte op en kyk ons hoe ons dit in die praktyk toepas.

## 3. Eerstens dan: Die ontstaan en doel van volke

3.1 In Gén 10:25 lees ons: En vir Heber is twee seuns gebore; die naam van die een was Peleg, want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak; en die naam van sy broer was Joktan.

Dan lees ons in Gén 11:7-9 oor die Toring van Babel: Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. So het JHWH hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het JHWH die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het JHWH hulle oor die hele aarde verstrooi.

3.2 Ons vind 'n interessante bewoording in Dt 32:8. Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel.

Oppervlakkig beskou, kan dit lyk of hierdie verdeling dalk net te doen het met die grense van die land Kanaan. Dit is egter duidelik nie die geval nie. In die oorspronklike Hebreeus staan daar letterlik “die Allerhoogste het die seuns van Adam van mekaar geskei.”

Die mense wat JHWH hier van mekaar geskei het, was die nageslag van Sem, Gam en Jafet. Dit is die kinders van Noag. Dit was in die tyd van Peleg, ongeveer 900 jaar voor die intog van Israel in Kanaan. Die rede waarom hier reeds spesifiek melding gemaak word van die grense van Kanaan, is omdat God Israel op so 'n besondere wyse gebruik om Sy raadsplan en heilsgeskiedenis uit te voer.

Daarom het Hy reeds met trek van die grense van die volke, ook die grense van die volk Kanaan getrek met die oog daarop dat hierdie vervloekte volk die land moes voorberei as leefruimte vir die volk Israel wanneer hulle 900 jaar later daar moes intrek.

As ons die ander Skrifverwysings hiermee vergelyk, is dit ook duidelik dat hierdie teks bedoel dat God, in die tyd van Peleg, al die volke van die aarde verdeel het en hulle grense vasgestel het:

As al die Bybelkommentare wat ek opgelees het, sowel as die oorspronklike Hebreeus in ag geneem word, lyk dit of 'n meer korrekte vertaling van Dt 32:6 dus so sou wees: Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel **met inagneming van** die getal van die kinders van Israel.

3.3 Hieruit kan ons 'n hele paar afleidings maak:

- God self bepaal die grense van volke en Hy bou volke op en Hy vernietig volke na Sy welbehag. (2 Kron 20; Jes 10; Jer 51)
- Die doel van die aarde is om die mense te huisves: Ps 115:16 Die hemele is vir JHWH, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee.
- Die doel van volke is dat mense God in volksverband moet soek: Hnd 17:26,27 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;
- Die heilsgeskiedenis van Israel is vir ons 'n voorbeeld van hoe 'n verbondsvolk moet optree.

3.4 God se skeppingsorde funksioneer ook wetmatig. Om die wette van God se natuureg te oortree, is selfverwoestend. In die eksakte wetenskappe is dit eenvoudig. As jy die wet van swaartekrag oortree en van 'n hoë berg afspring, val jy jou dood. In die sosiale wetenskappe is die gevolge dikwels meer indirek. So bv bepaal die ekonomie-wet dat jy bankrot gaan as jy meer geld uitgee as wat jy inkry. Wat die volkereg betref, het ons gesien dat God die volke verordineer het en as ons die volke afbreek, vernietig jy die beskawingstrukture. Die strewe na globalisme en die vernietiging van volksgrense is so oud soos die toring van Babel. Daar het God Sy afkeur aan imperialisme en globalisme duidelik gemaak. Die geskiedenis van imperiale ryke wat volke vernietig het, het dan ook bewys dat hulle selfvernietigend is. Op vele plekke in die Bybel sien ons dat God die imperiale ryk gebruik om 'n strafgerig te voltrek, net om dan weer hierdie imperiale ryk te straf vir sy vergrype. (Jes 10; Hab 1-3)

4. Volkereg en Internasionale verhoudinge:

4.1 Teorieë:

4.1.1 Volgens die klassieke skrywers is internasionale verhoudinge, meer nog as binnelandse politiek, 'n magstryd. Klassieke skrywers soos Plato (427-347 vC); Hsun Tsu (ongeveer 340 vC); Thucydides (460-399vC); en Hume skryf almal hetsy oor oorlog of magsewig.

4.1.2 Die Liberalisme en Marxisme, wat sedert WOII deur middel van mediapropaganda die Westerse lewensbeskouing oorspoel het, propageer multikulturalisme en rasse-integrasie; sowel as transnasionale en supranasionale strukture met die uiteindelijke doel om 'n eenwêreldstaat te vestig. Dit is die oeroue Sataniëse ideaal van Babel wat die afgelope eeu weer sterk na vore tree. Die doel is om die volke as God se verbondstrukture te vernietig met die sg 'demokratiese ideaal' van gelykheid en individualisme.

4.1.3 In teenstelling met ander godsdienste en ideologieë soos Marxisme; Liberalisme; Nasionaal-Sosialisme; Islam; ens, wat almal imperialisties is, is die Bybelse Evangeliebenadering net om die Evangelie aan al die volke te verkondig. Al die belangrikste Christenskrywers soos Augustinus; Luther; Bullinger; Calvyn; Stahl; Groen van Prinsterer; Totius; en Rushdoony het almal die beginsel van onafhanklike verbondsvolke met 'n eie territoriale gebied ondersteun en die imperiale staat afgewys. Veral Bullinger het die verbondsteologie baie omvattend omskryf en sy verbondsleer is ook as gesaghebbend beskou deur die ander hervormers – totdat die Liberalisme die gereformeerde beweging begin besmet het.

4.1.4 Daar is min skrywers in die laaste eeu wat internasionale verhoudinge uit Bybelse perspektief beskou. 'n Klein juweel is prof Frans Wessels, hoogleraar in Internasionale Verhoudinge aan die UOVS, se gedenklesing in 1968. Hierin het hy 'n suiwer Bybelse perspektief gegee. Wessels volg 'n normatief-strukturele benadering. Hy sluit aan by Dooyeweerd en Strauss wat leer dat daar drie tipes sosiale strukture bestaan: Eerstens die *verband*; tweedens die *gemeenskap* en derdens die *maatskap*. Die verband en die gemeenskap het 'n hiërgargie of gesagstruktuur, maar die *maatskap* het geen gesagstruktuur nie. Hier dink ons aan 'n vriendskap of 'n buurmanskap. Wessels meen dat die neweskikking van volke in die volkereg 'n maatskapkarakter moet hê. Hy wys dan ook daarop hoe die geskiedenis bewys het dat internasionale verhoudinge goed was wanneer volke en state mekaar op diplomatieke gebied respekteer en waardig behandel het. Dit is 'n natuurwet van God dat volke van mekaar geskei moet wees sodat hulle Hom in volksverband kan soek. Solank hierdie beginsel gehandhaaf word, tree die volke **struktuurbehoudend** op; en wanneer dit misken word, tree hulle **struktuurverwoestend** op.

4.1.5 Nee, ons taak is nie om oor ander volke te heers of hulle te dwing tot die Christengeloof nie. Dit is dan ook nie waar dat dit die doel van die Kruisvaarders was om ander volke te onderwerp nie. Intendeel was hulle doel net om die Christengeloof te verdedig teen die uiters aggressiewe imperialisme van Islam. Nee, ons taak is om as Godvresende volk gehoorsaam te wees aan JHWH en Sy lig te laat skyn – sodat ander volke kan sien dat Hy die enigste lewende en Almagtige God is en Jesus Christus die enigste Verlosser.

## 4.2 Die geskiedenis van Internasionale verhoudinge:

Internasionale verhoudinge het in die geskiedenis verskillende vorme aangeneem: Tussen homogene volke was daar meesal 'n buurmanskap of maatskapsverhouding. Kultuurvreemde volke is op 'n afstand gehou of uit 'n magstposisie gedomineer.

### 4.2.1 Die Bybelse tyd: Intog van Israel: Opdrag oor die verhouding met ander volke:

In Dt 20 ontvang Israel die opdrag om die volke in die land Kanaan uit te roei: Die Hetiete en Amoriete, die Kanaaniete en Feresiete, die Hewiete en Jebusiete. Met die ander volke moes hulle in vrede leef. Maar as die ander volk hulle aanval, moes hulle vreesloos teen hulle uittrek in oorlog in afhanklikheid van JHWH.

Israel mag egter nie die Ammorië of Moabië se vrede en geluk soek nie, omdat hulle Israel, by hul uittog uit Egipte, nie vriendelik behandel het nie. Daarteenoor moes hulle die Edomiete nie as 'n

gruwel beskou nie, want hy is Israel se broer. Ook nie die Egiptenaar nie, want Israel het as vreemdeling by hom gebly. (Dt 23:3-7)

Verder sien ons dat die Here die Filistyne dikwels gebruik het om Israel te straf vir hulle afvalligheid. Net om weer 'n rigter te stuur om Israel te lei tot bekering en om hulle te verlos uit die Filistyne se hand. Koning Dawid het altyd JHWH se beslissing gevra voordat hy opgetrek in oorlog teen 'n aggressor. Nadat die koninkryke van Israel en Juda geskeur het, was daar dikwels vyandskap tussen hulle, hoofsaaklik as gevolg van die goddeloosheid van Israel se konings. God het selfs Koning Josafat se toenadering tot Israel afgekeur omdat Josafat nie met 'n goddelose koning (Agab) 'n verbond mog sluit nie. Die Godvresende konings het dan ook sover moontlik in vrede geleef met hul bure.

4.2.2 Grieke het die beginsel erken dat diplomatieke gesante onskendbaar was.

4.2.3 Daarteenoor het die Romeine weer heerssugtug en imperialisties opgetree teenoor ander volke.

4.2.4 Die Bisantynse ryk was die ryk wat die langste in die geskiedenis geduur het en ook oor die grootste gebied. Turkye se hoofstad, wat vandag as Istanbul bekendstaan, was eens die sentrum van die Bisantynse ryk. Toe het die stad bekend gestaan as Bisantium en is later deur Keiser Konstantyn herdoop tot Konstantinopel. Die Bisantynse ryk was nie 'n suiwer imperiale ryk nie, maar eerder 'n konfederasie van Christelike volke met die doel om hulleself te verdedig teen die Islam-aggressie. Elke volkstaat het outonomie oor hulle binnelandse sake behou. Buitelandse sake, internasionale verhoudinge en verdediging is egter deur die federale regering hanteer. Ons het reeds gesien dat 'n imperiale ryk wat die volkstate misken, onbybels is en ook gedoem is tot mislukking. Die konfederale aard van die Bisantynse ryk het waarskynlik daartoe bygedra dat dit vir meer as 'n duisend jaar bestaan het – vanaf 395 nC tot 1453 nC. En, hoewel die oppervlakte van die ryk gewissel het, was dit met tye tot 4,5 miljoen km<sup>2</sup>. Dit is belangrik om die geskiedkundige konteks te verstaan dat die Christendom gedurende hierdie hele tydperk 'n fisiese oorlewingstryd gevoer het teen die aggressie van Islam. Daarom was die militêre samewerking van die Christenvolke noodsaaklik vir die oorlewing van die Christendom. Die uiteindelige val van die ryk het dan ook gekom toe Sirië wou afstig en Konstantinopel hulle met geweld wou dwing om deel van die konfederasie te bly. Die oorlog het albei so verswak dat die Islam hulle albei oorweldig het.

4.2.5 Hierin is vir ons ook 'n les as ons die tussenstaatlike verhouding met ander Christenvolke antisipeer. Militêre bondgenootskap met ander Godvresende volke is belangrik en wenslik. Steeds op die beginsel dat ons nie ons vertrou op mense stel nie, maar op die Almagtige alleen. Soos Spr [21:31](#) leer: Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur JHWH.

4.3 Die Europese tydperk en die tydperk van kolonialisme: Die Germaanse volke word wel met geweld tot die Evangelie bekeer, danksy veral die sendingwerk van Bonifacius en sy kruisvaarders.

4.3.1 Al die Europese volke word verbondsvolke. Volgens God se belofte seën Hy die Europese volke met ongekeerde voorspoed.

4.3.2 Die VSA word beset en ontwikkel op Christelike grondslag deur veral die Puriteine.

4.3.3 In Suid-Afrika vestig die sterk gelowige Protestante – wat uiteindelik ook hier 'n verbondsvolk word.

- 4.3.4 In die VSA ontaard die materiële welvaart egter in hebsug en vervlakking van die Christelike Godsdienst.
- 4.3.5 Die Europese volke gebruik hulle voorspoed om wêreldwyd sendingwerk te doen. Maar die menslike wil kom na vore en hulle misbruik hulle meerdere vermoëns om hulle sondige heerssugtige begeertes te bevredig en hulle onderwerp ander volke as kolonies. Veral Groot Brittanje maak haar hieraan baie skuldig. Hierdie imperialisme kom hulle vandag duur te staan.
- 4.3.6 Internasionale verhoudinge tussen Europese volke word aanvanklik hoofsaaklik deur die onderskeie koningshuise hanteer. Huwelike word dikwels gereël tussen koningshuise om die verhouding tussen volke te verbeter.
- 4.3.7 Frankryk tree na vore as die leier op die gebied van diplomاسie. Na die Franse Rewolusie word die status van die koningshuise egter afgebreek. Dit dra by tot onstabiliteit – ook op die gebied van internasionale verhoudinge. Die primêre doel van die Franse Rewolusie was om die Christendom te vernietig. Stelselmatig besmet die Liberalisme Europa. Humanisme vervang die Christelike Godsdienst en individualisme vervang die verbondsvolk.
- 4.3.8 In 'n poging om meer stabiliteit in internasionale verhoudinge te bring, word die Volkebond gestig. Sterk klem word gelê op die outonomie van volke en gelykberegtiging in die tussenstaatlike verkeer. Hoewel dit Bybelse beginsels is, was die grondslag nie in afhanklikheid van God nie en uiteindelik was die twintigste eeu absoluut vernietigend vir Europa.
- 4.3.9 Die besmetting van Oos-Europa vind nie vinnig genoeg plaas na die sin van Satan se lakeie (die Illuminati) nie. Die doel van die Russiese rewolusie was dan ook om die Christendom te vernietig. Die Tsaar van Rusland, wat ook voog was van die Ortodokse kerk, en sy hele familie word vermoor. Materialisme vervang die Christelike Godsdienst en universalisme vervang die verbondsvolk.
- 4.3.10 Die twee Wêreldoorloë was die laagtepunt in internasionale verhoudinge. Met die twee wêreldoorloë word die hele Oos-Europa aan die Marxistiese Soviët-Unie oorhandig. Wes-Duitsland word verneder en onderwerp aan suiwer sataniese propaganda.
- 4.4 Moderne tyd na WOII:
- 4.4.1 Die *Verenigde Volke-Organisasie* vervang die Volkebond. Die klem op outonomie van volke verval. Toenemend word volke geminag en verdag gemaak ten gunste van imperiale multikulturele nasiestate. Uiteindelik het die naam *Verenigde Volke-Organisasie* dan ook onhoudbaar geword en is vervang met die naam *Verenigde Nasies*.
- 4.4.2 Dekolonisasie vind plaas en die Afrika-volke, en veral China tree toe tot die internasionale gesprek. Hulle erken nie die gevestigde regsbeginne van die Weste nie. Die VVO probeer hierdie probleem oplos met die vetoreg van die Veiligheidsraad. Dit is natuurlik heeltemal in stryd met die humanistiese gelykheidsteorie, maar hulle is genoodsaak daartoe omdat hulle nie die beginsel van rasseverskille mag erken nie. Mettertyd ontaard die VVO in 'n gedrog van Afrika-volke wat eise stel en Europese volke wat uit skuldgevoel enorme bedrae aan Afrikalande skenk. Uiteindelik verval die VVO se gesag en aansien heeltemal omdat dit werklikheidsverwyderd geraak het en God se skeppingsorde misken het.

- 4.4.3 Internasionale verhoudinge in hierdie tydperk word oorheers deur die sg 'Koue Oorlog' tussen die VSA en die Soviët-Unie. Die VSA misbruik sy magposisie om in ander lande se huishoudelike sake in te meng. Uiteindelik word die CIA 'n instrument in die hande van Satan wat volke destabiliseer deur rebelgroepe aan te hits, te befonds en te bewapen.
- 4.4.4 'n Interessante kontras ontwikkel egter tussen Wes- en Oos-Europa gedurende die laaste dekade: Die strategie van die Illuminati was om die volke van Wes-Europa deur middel van die Teologiese skole te infiltreer met liberalisme, terwyl die Oos-Europese volke deur mediapropaganda met Marxisme gebombardeer is. Christene is vervolgt, alle inligting van buite is afgesper en slegs kommunisme is gepropageer. Die ironie is dat juis dit tot gevolg gehad het dat Liberalisme nie die Oos-Europese volke so besmet het nie; en nou dat hulle bevry is van kommunisme, neem hulle weer hulle Bybelse verbondsverantwoordelikheid op!

## 5. Bybelse voorskrifte

Kom ons kyk wat leer die Bybel ons oor die Verbondsvolk se verantwoordelikheid teenoor ander volke en meer spesifiek teenoor ander Verbondsvolke.

### 5.1 Algemene beginsels:

5.1.1 Die Verbondsvolk moet in vrede leef met ander volke, maar moet bereid wees om ons volk te verdedig, indien nodig. Rom 12:17-19 leer: Bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. Hieruit moet ons nie pasifisme aflei nie. Inteendeel, ons is geroepe om ons gesinne en ons volk vreesloos te verdedig teen aanvallers. Dit leer die hele Ou Testamentiese heilsgeskiedenis ons. Iemand wat dit nie wil doen nie, is slegter as 'n ongelowige (1Tim 5:8). So leer Gal 6:10 dan ook: Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

5.1.2 In Mat 28 en Mk 16 beveel Jesus dat ons die Evangelie aan al die volke moet verkondig. In 1 Kron 16; Mt 5; en Fil 2 leer dat ons Sy eer moet dra; die lig van die wêreld moet wees en ons lig vir ander volke moet laat skyn.

5.1.3 Imperialisme is onbybels; Ons moet grense en ander volke se huishoudelike sake respekteer. Spr 22:28 Die ou grenslyne wat jou vaders gemaak het, moet jy nie verlê nie. Spr 23:10; Dt 19:14, Dt 27:17; Job 24:2 bevestig dit; en 1Kon 21:3 waar Nabot vir Agab sê: Mag JHWH my daarvoor bewaar dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee! Dit is ook 'n dwaling dat Gal 3:28 die grense tussen volke sou afgeskaf het. Die teks lees: Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. Dit is 'n wyd-aanvaarde dwaling dat hierdie teks die grense tussen volke afgeskaf het. Net soos dit vir enige nugter mens duidelik is dat hierdie teks nie die verskille tussen man en vrou afgeskaf het nie, behoort dit ook duidelik te wees dat die verskillende volke bly voortbestaan en dat die teks bloot bedoel dat daar geen beletsel is vir 'n Griek om tot geloof te kom en die saligheid te ontvang nie. Veral as ons die uitdruklike lering van Hd 17:26,27 in ag neem dat ons God in volksverband moet soek. So het alle ware gelowiges deur die eeue die teks verstaan.

5.1.4 Ons het hierbo gesien dat Israel in vrede met Edom moes lewe want hulle is broers: Hieruit is die belangrikheid van familie duidelik. (vgl ook kommentaar van Gill en Henry). Dit moet ook gesien word as 'n duidelike afwysing van rassevermenging.

5.2 Terwyl die Bybel dus Imperialisme en multikulturalisme afwys, is bondgenootskappe met ander verbondsvolke wel wenslik. In 2 Kron 19 sien ons Josafat mag nie met Agab 'n verbond sluit nie, omdat Agab God haat. Maar as Israel Godvresend sou wees, is dit duidelik dat Juda wel met hom 'n verbond sou mog sluit. Daarom is die konfederale voorbeeld van die Bisantynse ryk wel na te volg waar Christenvolke van dieselfde kudde 'n verbond sluit met mekaar om saam te werk op militêre; ekonomiese; en selfs teologiese gebied. Maar elke volk moet finale seggenskap behou oor sy eie sake, sowel as die reg om te onttrek uit die konfederasie.

5.3 Die vraag is: wie is huidiglik volke van dieselfde kudde?

5.3.1 In die Ou Testamentiese tyd was Israel aanvanklik die enigste verbondsvolk. Na die skeuring was daar twee verbondsvolke, naamlik Israel en Juda. Israel het egter heeltemal afgewyk en daar was net 'n klein oorblyfsel wat Godvresend was. Jes 19 profeteer dat ook Egipte en Assirië verbondsvolke sou word. Hierdie profesie is vervul in die vroeë Christelike kerk, want die grondlegging van die Oostelike Kerk is in die eerste 3 eeue nC in Assirië gelê en Osroene was ook die eerste verbondsvolk in die era na Christuss met 'n onafhanklike Christelike staat. En Alexandrië in Egipte het 'n belangrike sentrum van die vroeë Westelike kerk geword.

5.3.2 Die groot verborgenheid van die Ou Testamentiese profesieë dat al die volke van die aarde in Abraham se nageslag geseën sal word (Gen 12; 22; en 26), word in Rom 8 tot 15 aan ons bekend gemaak dat daar nou ook ander verbondsvolke op die 'wortel' van Israel ingeplant is. So was of is al die Europese volke verbondsvolke. Hulle het dit dan ook so verstaan dat die opdragte en beloftes aan Israel op hulle van toepassing is. Die Gelooftevolk is ook so 'n verbondsvolk. Hoewel ons afgedwaal het en ons nou onder God se strafgerig staan, is dit ons gebed dat die Heilige Gees ons volk sal lei tot bekering en dat ons Vader ons sal red uit hierdie strafgerig.

5.3.3 Maar Assirië, Egipte en die Wes-Europese volke het afgedwaal. Daarenteen is die volke van Oos-Europa, veral die Russe, die Pole, die Hongare (of eintlik Magjar); die Romeniërs; en die Serwiërs besig om te herstel van Kommunisme en bely hulle openlik hulle afhanklikheid van God. Hulle is meesal egter Ortodoks of Katoliek. Ons sal dus nie teologies baie saamstem nie. Die vraag is dus ook waar is die afsnypunt van dwaling? Volgens die Bybelse voorskrif sou ons wel met al hierdie volke militêre en ekonomiese verbonde kon sluit, maar waar die teologiese verskille groot is, sal ons 'n versigtige afstand moet hou. Daar sal selfs 'n afsnypunt moet wees waar 'n sogenaamde Christenvolk duidelik nie die ware God dien nie.

5.3.4 Die Zambieërs en Swazi's word ook gereken as Christenvolke. Ons weet egter dat hulle die Christelike geloof meng met die Afrika-geloof. Ons sou dus ook nie teologies by hulle aansluiting vind nie. Bykomend is hier ook nog die rasseverskil wat meebring dat ons psige en lewensbeskouings drasties verskil. Ons moet hulle vriendelik behandel, maar ons moet ons kulturele afstand behou.

5.3.5 Daar is wel gelowige groepe in Europa, die VSA, en in ander lande wat God in Gees en Waarheid dien. Hulle is die oorblyfsel wat die Here behou het. Met hulle moet ons aktief skakel en bande bou – ook op teologiese gebied. Die moderne internet en lugvaart maak dit moontlik.

5.3.6 Teenoor ander gelowige volke en oorblyfsels moet ons getuieis lewer en vrymoediglik berispe, maar ons moet hulle verbondsverantwoordelikheid respekteer. Ons staan nie in 'n gesagsverhouding met hulle nie, maar in 'n maatskap, soos ons reeds verduidelik het.

5.3.7 Ons kan ook met vrymoedigheid sê dat die Boererepublieke en ook die RSA onder dr Verwoerd hierdie beginsels eerbiedig het.

5.4 Wat dan nou van die goddelose volke? Mag ons met hulle handel dryf? Dit lyk tog asof Salomo se handel met goddelose volke aanvaarbaar was. Toe die Europese volke ware verbondsvolke was, het hulle ook met goddelose volke soos die Indiërs handel gedryf. Ook bv met die Hottentotte aan die Kaap. Dit lyk dus of ons steeds voertuie en rekenaars van Japan en Korea mag koop, maar ons mag geen verbond met hulle sluit nie.

5.4.1 Wat van Internasionale organisasies soos die VVO en die Wêreldhof; die IOTH en die gesondheidsliggame? En die volkeregtelike reëls oor oorlog? Ek meen ons kan met sekerheid sê dat ons wel mag saamwerk met ongelowige volke in die bestryding van dwelmhandel en fitosanitêre maatreëls om die verspreiding van veesiektes en siektes in landbouprodukte te voorkom. Ek is minder seker of ons ander internasionale ooreenkomste mag onderskryf, maar indien ons dit sou goevind, dan met die uitdruklike voorbehoud dat ons JHWH se gesag bo alles erken en enige ooreenkoms daaraan ondergeskik stel. 2 Kor 6 leer dan ook duidelik dat ons nie met die ongelowige in dieselfde juk mag trek nie. Hier moet ons ook versigtig wees vir die versoeking om saam te werk met ongelowige volksgenote en simpatieke buitelanders wat hulle ook vir ons volksvryheid beywer.

6. Ons het gesien dat internasionale verhoudinge in wese 'n magsverhouding is. Die Christenvolk se God is almagtig en ons het dus niks te vrees van ander volke en ryke nie, solank ons aan God se gesag onderwerp en in Jesus bly. Ander volke het ook niks te vrees van 'n ware, Godvresende volk nie, solank hulle nie die Christenvolk bedreig nie, want die Bybel leer dat ons ander volke met respek en geregtigheid moet behandel. Daarom moet die Christendiplomaat ook nie uit eie krag met ander volke en ryke onderhandel nie; Ook nie uit 'n mindere posisie na aanleiding van die militêre of ekonomiese vermoëns van die onderskeie lande nie; ook nie primêr as verteenwoordiger van die volk nie; maar uit 'n gesagsposisie as Koningskind en verteenwoordiger van die almagtige God. Terloops, baie mense beskou dit as 'n morele dilemma wanneer twee Christenvolke teen mekaar veg, soos in die Anglo-Boereoorlog. "Aan wie se kant is God dan?" Ek glo nie dit was 'n morele dilemma vir geestelike leiers en Godsmanne soos Presidente Paul Kruger en Steyn; en Genls De La Rey en Beyers nie. Wat hier belangrik is, is dat 'n verbondsvolk nie in eie reg mag optree nie, maar altyd in gehoorsaamheid aan God. Hierdie dwaling dat ons, as gesalfdes van God nou vrymag het, is ook groot onder die moderne Charismatiese beweging. Nee, ons mag nie regs of links afwyk nie. Sodra 'n verbondsvolk sy eie agenda of beginsels volg, tree hy buite Gods wil op en oortree hy die wet: Hoor die uitspraak in 1Sa 15:23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van JHWH verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

Die Britse ryk het sy eie imperiale oogmerke gehad – volkome in stryd met die Bybel. Dit was die Boererepublieke se Bybelse plig om hulle te verdedig teen hierdie vergrype. Aan die ander kant het Flip Swanepoel-hulle se studie ook uitgewys dat die Eerste Vryheidsoorlog voorafgegaan is met die bevestiging van, en hertoewyding aan die Gelofte van Bloedrivier – net om dit weer kort daarna te versaak en te verwaarloos. Die Anglo-Boereoorlog staan dan ook in die skaduwee van hierdie ongehoorsaamheid.

7. Enige ooreenkoms of verbond met 'n ander volk, selfs 'n verbondsvolk, moet in elk geval aan God se beslissing onderwerp word.